

SKRIFLESING

Mark 3:20-35

PREDIKING

Tema: Volgelinge van Jesus

Skriflesing:

In die tyd voor die gesprek wat ons in Markus 3 gelees het, maak Jesus mense gesond. Hy dryf ook bose geeste uit en stel 12 apostels aan.

Al hierdie gebeure maak dat 'n groot klomp mense rondom Jesus vergader. Party volg Hom opreg, ander is toeskouers en nog ander het duister motiewe.

Vanoggend by nagmaal verseker die Here vir elkeen v ons van sy onmeetbare groot liefde vir ons. Dit is kruisgroot, so groot soos die afstand tussen hemel en aarde. Ons is 'n klomp mense wat Jesus volg. Maar waarom volg jy hom?

Kom ons gaan kyk na die verskillende groepe mense wat Jesus in die tyd van Markus 3 volg. In watter groep is jy?

Volgelinge wat nie verstaan nie en daarom nie glo nie.

Jesus se familie verstaan nie wie Jesus is nie, maar hulle is bekommerd oor Hom. Hy werk te hard en verwaarloos Homself. Hulle dink dat Hy van sy kop af geraak het. Hy moet, ter wille van Homself en die familie se eer gehelp word. Hulle het 30 km gekom om Hom weg te neem uit die massas uit, huis toe. Dit is interessant is dat hulle nie in die huis ingegaan waar Hy mense geleer het nie. Hulle het buite gestaan en 'n boodskap na Hom gestuur om Hom te laat roep. Dit is asof hulle 'n veilige afstand van Hom af wegbly.

Daar is vandag nog mense wat kies om Jesus op 'n afstand te bewonder en lief te hê. Dit is veiliger so. Daar is ook te veel goed wat hulle nie verstaan nie. Daarom gee hulle nie hul lewens aan Hom oor nie. Hulle volg Hom nie as Verlosser nie.

Volgelinge wat nuuskierig is.

Daar drom soveel mense om Jesus saam dat Hy nie geleentheid het om 'n stukkie te eet nie. Daar is 'n menigte mense wat Hom volg. Maar baie van hulle is nie toegewyde volgelinge nie. Hulle soek nie Jesus nie. Hulle soek sensasie, die volgende wonderwerk, genesing of duiweluitdrywing.

So is daar steeds 'n nuuskierige skare wat Jesus volg. Hulle woon eredienste by, maar hulle is veral by die volgende groot byeenkoms op soek na wonderwerke.

Volgelinge wat Jesus met verkeerde motiewe volg.

Die skrifgeleerdes is waarskynlik deur die Joodse raad afgevaardig om ondersoek in te stel na die gevaarlike nuwe godsdienstige beweging wat ook politieke stabiliteit in die land kon bedreig. Hulle kom 200 km van Jerusalem af.

Die skrifgeleerdes kon nie ontken dat Jesus bonatuurlike kragte het en wonderwerke doen nie. Hulle het egter geweier om te erken dat die krag van God kom, want dit sou beteken dat hulle Hom as Messias erken. Daarvoor was hulle te hartkoppig.

Nou probeer hulle Hom in onguns bring. Die skrifgeleerdes beskuldig Jesus daarvan dat Hy duiwel besete is. Nie sommer enige duiwel nie, die aanvoerder van die duiwels is in beheer van sy lewe. Jesus antwoord hulle dat die duiwel tog nie sy eie werk tot niet sal maak nie. Hy sal nie sy eie koninkryk vernietig nie.

Jesus is die sterk man wat die duiwel bind en hom beroof van die mense wat in sy mag was.

Nog iemand wat Jesus met verkeerde motiewe volg is Judas Iskariot. Soos die ander dissipels het hy elke dag saam met Jesus geleef. Hy het alles gehoor wat Hy sê en tog het Hy Hom nie liefgehad nie. Hy volg Jesus om sy eie selfsugtige redes. Daarom het hy Jesus verrai.

Jesus sê vir die skrifgeleerdes die volgende: "Wie egter teen die Heilige Gees laster, word tot in ewigheid nie vergewe nie maar bly ewig skuldig aan die sonde." (Mark 3:29)

Wat bedoel Hy hiermee? Skrifgeleerdes sê dat Jesus van 'n bose gees besete is terwyl Hy vol van die Heilige Gees was. Hulle skryf die Heilige Gees se werk aan 'n bose gees toe. Dit is laster teen die Heilige Gees. Alles kan vergewe word as daar berou en bekering is. By die skrifgeleerdes is daar nie berou en bekering nie. Hulle verhard hulle teen die lewensveranderende werk van die Heilige Gees. Daar is geen vergifnis as jy besluit om nie jou lewe aan die Here oor te gee nie.

Baie mense wonder oor sonde teen die Heilige Gees. Dit is nie iets waaroor ware gelowiges bekommerd hoef te wees nie. Sonde teen die Heilige Gees is doelbewuste verharding teen die werk van die Heilige Gees in jou lewe. Dit is volhardende ongeloof en 'n gebrek aan berou. Ek sê weer: dit is wanneer jy besluit om nie jou lewe aan die Here oor te gee nie.

Daar is vandag mense soos die skrifgeleerdes wat net daarop uit is om fout te vind met die Here, met die Bybel en met die mense rondom hulle as kerk van die Here. Hulle het sulke dik wysvingers omdat hulle altyd vinger wys vir iemand anders. Die fout lê nooit by hulself nie. Daar is vandag steeds mense wat enige grootse onverklaarbare gebeure soos genesing of uitdryf van duiwels toeskryf aan ander magte as die Here. Hulle sien nie die almag van God nie en erken nie dat Hy tot alles in staat is nie.

Daar is ook mense wat, soos Judas Iskariot, alles van Jesus weet, maar Hom nie liefhet en dien nie.

Die ware volgelinge van Jesus

Die ware volgelinge is die elf apostels en elkeen wat Sy wil doen. Hulle is Sy nuwe geloofsgesin.

Hierdie was nie 'n uitgelese groep mense nie. Onder hulle was 5 vissermanne, 'n oneerlike belastingagent (Matteus wat die evangelie geskryf het) en 'n terroris. (Simon die Kananeër, of ook genoem Simon die Seloot) Petrus sou Hom verloën, Johannes en Jakobus was manne van die donder en hulle wou ereplekke in sy Koninkryk hê.

Dit het Jesus nie gestop om hulle aan te stel sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek nie. Hulle het ook van Hom mag ontvang om duiwels uit te dryf.

Jesus wil dat elkeen van ons deel van hierdie laaste groep sal wees. Daarom het Hy vir jou gesterf en vir jou opgestaan.

Is jy 'n ware volgelinge van Jesus? Het jy jou lewe al in geloof oorgegee aan Hom? Het jy Hom onvoorwaardelik lief en doen jy Sy wil?

Stel jy jouself soos Jesaja beskikbaar: "Hier is ek. Stuur my!"
Dan is jy die Here se broer en suster en moeder.

Afsluiting

Die groepe waarna ons gekyk het, het nie ver van Jesus af in die wêreld daarbuite geleef nie. Hulle was naby aan Jesus. Hulle het skouers geskuur met Hom en gesels met Hom.

Net so is ons vanoggend naby aan die Here. Ons eet die brood - Sy liggaam gebreek vir ons. Ons drink die wyn - Sy bloed gevloei vir ons.

Watter soort volgeling is jy?

Is jy iemand wat nie alles verstaan nie en daarom nie glo nie en kies om op 'n veilige afstand te staan?

Is jy deel van die nuuskierige skare wat net kom kyk?

Is jy met verkeerde motiewe hier, om vinger te wys en te kritiseer?

Of is jy 'n ware volgeling van Jesus wat Sy wil doen?

Amen